Publication: Rapport (Gauteng), Beleef

Date: Sunday, May 07, 2023

Page: 16



Nico van Gijsen

**Raad met jou rande**



**MySA: Die raakvatters werk by St. Michael's On Sea in KwaZulu-Natal.** | FOTO: DEON RAATH

# Al jou geld in buiteland belê? Dis mos twak!

## Suid-Afrikaners kan net so goed soos buitelanders sake doen

My jongste kleindogter het een donker nag, so rondom spooktyd, skielik regop gekom in haar bed en in so 'n byna hartseer stemmetjie begin prewel. Duidelik ontsteld en net half wakker. "My liniaal wil nie meet nie."

Synde 'n eenvoudige man wat sy plek ken, gaan ek hierdie een nie eens probeer verduidelik nie. Ek sal nooit 'n vrou se kop verstaan nie. 'n Mens kan hulle mos net liefhê. Dis net 'n grappie, vir dié wat my nou wil stenig.

Kom ons kyk liewer na geldsake. Na beleggings. Dit is iets wat ek wel verstaan.

Die deel wat ek egter nie verstaan nie, is hoe sommiges heeltyd vir mense probeer wysmaak om al hul geld in die buiteland te belê. Om sommer alles hier te verkoop en al daardie geld ook in die buiteland te belê.

Suid-Afrika is op sterwe na dood, as ek so na die raasbek-doemprofete luister.

En ek wonder oor die lugleegtes waarbinne hierdie soort argumente gestalte moet kry. Of is daar 'n ander logika agter die vreesaanjaery en swaarmoedigheid waarmee hulle ons almal wil negatief maak oor ons land?

Een ding is vir my duidelik. Hul liniale meet nie.

Ek wil dit koppel aan *Rapport* se MySA-projek. Gaan lees gerus "Rapport sê" van twee Sondae gelede, "Dis donker, maar daar is krag in saamwerk". En ook sommer van die positiewe raakvatters van die KwaZulu-Natalse Suidkus en Witrivier.

**Hier is my siening van MySA se beleggingskant.**

Waar leef jy?

Jou geld, of minstens die grootste deel daarvan, moet tog beskikbaar wees waar jy leef. Hoe gaan jy hier leef as al jou geld in die buiteland is? Gaan jy heeltyd iemand anders ryk maak en geen vaste bates opbou nie omdat jy alles wat jy besit het verkoop het om jou geld in die buiteland te belê?

Jy is ook nie "verlos" van Suid-Afrika as al jou geld in die buiteland belê is nie. Jy betaal steeds hier belasting op jou wêreldwye inkomste en kapitaalwinste.

Jy moet ook mooi dink oor die bemaking van daardie buitelandse miljoene, want die testeervryheid wat ons in Suid-Afrika so hoog aanslaan, geld nie in alle lande nie.

**Beleggingsgroei**

Jou beleggingsrisiko's is meer as al jou geld in die buiteland belê is. Daar is dan valutarisiko sowel as markrisiko.

Buitelandse markte is nie verseker van heeltydse groei nie. Dit wissel ook maar.

Inteendeel, ná die skerp val in wêreldmarkte met Covid en toe die Russiese aanval op Oekraïne gee die JSE die afgelope jaar of wat die pas aan met die herstelfase. Die afgelope jaar het die JSE alle aandele (met die skryf hiervan) 12,6% groei gelewer, met die Top-40-aandele wat 'n skitterende 15,2% groei toon.

Die MSCI World met 3,6% en die S&P 500 se 2,6% steek maar sleg af hierteen.

Natuurlik gaan die syfers van tyd tot tyd anders lyk. Die punt is, die een is nie net goed en die ander net sleg nie.

**Beleggingsrisiko**

As jy groei op jou geld wil hê in die buiteland, is dit byna noodsaaklik om net in aandele te belê. Maar om 100% van jou geld in aandele te belê, binne- of buiteland, is regtig dom. As jy al jou ander bates verkoop het om dit te doen, is dit sommer onnosel.

Aandele is in die algemeen hoërisikobeleggings. Is jy byvoorbeeld gemaklik met 'n 30%-daling in waarde, soos wat ons onlangs met buitelandse aandele gesien het?

Daarom moet jy, veral as dit nodig is om 'n inkomste te trek, ook in rentedraende instrumente belê, soos effekte en kontant.

En jy gaan bitter moeilik die rente wat in Suid-Afrika verdien kan word, klop.

**SA se sakemense**

Maar verder, en veral as ons binne die denkraamwerk van *Rapport* se MySA-projek redeneer, is dit niks minder as 'n belediging vir alle Suid-Afrikaanse sake-eienaars en plaaslike sake-ondernemings om mense te oorreed om nie hier te belê nie.

Suid-Afrikaners het gewys hulle kan net so goed, indien nie beter nie, as buitelanders sake doen. En vir jou net so 'n goeie opbrengs, baie keer beter, op jou belegging gee as ondernemings in die buiteland. Ons is 'n ontwikkelende mark en dit is waar die groeigeleenthede lê.

My ander vraag is, waar gaan jou en my kinders werk kry as ons ons eie sake-ondernemings doodmaak deur al ons geld buiteland toe te vat nadat ons alles hier verkoop het.

Dit is nie net 'n belediging en 'n rugstekery van ons sake-ondernemings nie, dis finansiële kannibalisme.

**Beplan jou beleggings**

Enige belegging begin met 'n plan. Jy moet weet waar jy wil uitkom en hoekom. Kry eerder raad vir jou spesifieke finansiële behoeftes by 'n kundige beleggingsraadgewer as om jou op sleeptou te laat neem deur raasbekke wat net vrees aanblaas.

Ons is almal keelvol vir die ANC se onbeholpenheid. Maar nie alles in ons land is sleg nie.

Daar is baie van ons wat sê: "Dit is my land. Hier bly ek en hier sal ek my deel doen om dit te maak werk."

En my geld?

Geld is stom. Geld het nie emosie nie. As jy nie met 'n plan te werk gaan met jou geldsake nie, kan jy ook een oggend wakker skrik en besef jou geld se liniaal meet nie.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan nico@finlac.com.**

### Stygende premies: Só dok ons steeds op vir Covid

**Ramp-koste**

Baie mense het die afgelope tyd agtergekom dat die premies op hul lewenspolisse verhoog word. Selfs daardie polisse wat op 'n gelykblywende premiebasis verkoop is.

Dit is ongewoon, maar nie onverwags nie. Wanneer jy 'n lewenspolis uitneem, het jy 'n keuse van die premiepatroon. Byvoorbeeld, jy kan kies om jou premie jaarliks te verhoog teen 'n ooreengekome koers, of 'n gelykblywende premie, wat beteken dit behoort nie te verhoog nie.

Eersgenoemde begin heelwat goedkoper, maar word elke jaar duurder. Dis die ander een, die gelykblywende een, wat baie mense onkant vang die afgelope paar maande.

Jy sal sien in jou poliskontrak vir 'n gelykblywende premie is daar 'n klousule wat die gelykblywende premie vir net 'n sekere aantal jare waarborg. Dit kan vyf jaar wees, of meer.

Die onverwagte premieverhoging is sover my kennis strek nooit toegepas ná die waarborgtermyn nie. Hoekom dan nou?

Met Covid het versekeraars se eise-ervaring drasties verander. Meer mense het gouer gesterf. En meer polisse moes uitbetaal.

Om hul eie risiko te bestuur, word daar nou teruggeval op die kontrak as die waarborgtermyn verstryk het.

Dis maar hoe ons almal nog help betaal aan die koste van die Covid-pandemie.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.